



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 3
Maart 2004

VERKIESING 2004

Op 14 April sal DV vir die derde keer na die oorgang na 'n volledige demokrasie in 1994, algemene verkiesings gehou word. Vir die regerende ANC party is dit 'n geskikte datum aangesien hierdie verkiesing saam val met 'n periode van tien jaar waartydens die ANC aan die bewind was.

Sonder twyfel sal die ANC die resultate van die afgelope tien jaar se beleid breed uitspel om sodoende 'n maksimum aantal stemme te kry. Opposisie partye sal alles moontlik doen om aan te wys waar die regerende party die afgelope tien jaar gefaal het en die kieserspubliek haarfyn beduie waar hulle 'n beter job sal doen.

Nie alle deelnemende partye het reeds hul verkiesingsmanifes bekend gemaak nie. Die wat dit wel gedoen het, verskil nie veel van mekaar nie. Almal het min of meer dieselfde doelstellings, te wete vermindering van werkloosheid, beduidende ekonomiese groei, uitwissing van armoede, bestryding van misdaad en MIV/Vigs, ens.

Sommige partye staan boonop die herinstelling van die doodstraf voor en bepleit 'n verbod op aborsie terwyl ander hulle wil weer beywer vir die handhawing en uitbou van minderheidsregte.

Gegewe die oorweldigende meerderheid van die ANC staan die kieser tans voor 'n belangrike keuse. Eerstens of hy of sy hoegenaamd aan die verkiesing sal deelneem. Tweedens, indien ja, vir watter party om te stem. In die eerste geval sal die ANC die eerskomende verkiesing loshande wen en dalk die kritiese meerderheid van twee derdes oorskry. 'n Individuele stem vir of teen die ANC sal hoegenaamd geen verskil maak nie.

Tweedens, indien besluit word om wel stembus toe te gaan, ontstaan die vraag wat die kieser se partykeuse sal wees. Hier moet 'n keuse gemaak word tussen belange en beginsels.


Die een sluit die ander nie uit nie maar in die praktiese politiek is die onderskeid nie altyd duidelik nie of word die belang tot 'n beginsel verklaar. Weer eens, die een sluit die ander nie uit nie maar waar belange en beginsels bots moet ten gunste van beginsels beslis word.

Vir die Christelike kieser is bostaande belangrike besluite.

Om nie aan 'n verkiesing deel te neem omdat dit tog geen verskil maak nie, is in feite kortsigtig. Elke stem wat gewetensvol uitgebring word maak duidelik waar die kiesers se voorkeure lê en is in wese 'n getuienis. Daaraan mag 'n Christen hom nie onttrek nie.

Verder moet die kieser hom vergewis of die agendas van die politieke partye nie bots met sy of haar Christelike beginsels nie en daarvolgens 'n keuse maak.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Verkiesing 2004

- 10 jaar demokrasie 3
- Regering en opposisie:
geen keuse vir Christene 5
- Christelike politiek in
Suid-Afrika 7
- Opposisie politiek 10
- Sparks: Beyond the
miracle 12
- Wesbank 2
- Kerknuus 11
- Oefening in die godsvrug 14
- Dr. Hendrik Reinink 16
- Israel se eerste volkslied 17
- Reaksie: Tog 'n jong aarde . 16

NUWE KERKGEBOU IN WESBANK GEOPEN

... 'n steen in die bouwerk van die Here

Hilde Roos

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Op 8 Februarie 2004 is 'n nuwe kerkgebou vir die sendinggemeente in Wesbank officieel in gebruik geneem. Vir die sendingsgebied van die Vrye Gereformeerde Kerk in Bellville is dit die tweede kerkgebou, ná Belhar, waarvandaan sending bedryf word. Dié gebou is een van die sigbare tekens van die seën wat rus op werk wat reeds jare lank in geloof gedoen word en die gebeurtenis verbly die hart.

Die oprigting van 'n kerkgebou in Wesbank is 'n stimulus tot verdere uitbreiding van die gemeente wat reeds 37 lede tel. Ds Charles Nicholson en die gemeente het vir 2 jaar in 'n Wendy-huisie in die

agtertuin van een van die gemeentelede vergader. Die lokaal was lankal reeds te klein en het die sendingwerk belemmer. Wesbank is 'n woongebied waarheen mense van oral uit die land gekom het vanweë die behuising wat deur die regering beskikbaar gestel is. Die area brei steeds uit en bied goeie moontlikhede vir sendingwerk.

Die kerkgebou is in die tweede helfte van 2003 gebou, gefinansier deur fondse van ons susterkerke in Nederland. Ook in die bouwerk het die Here uitkoms gegee: die bouer (van die maatskappy Topplan) het die projek gesien as een waar teruggeploeg kan word in die gemeenskap en 'n bekostigbare kwotasie is ingedien en 'n baie netjiese produk is gelewer. Wesbank ken egter die terugslae van enige arm woonbuurt: diefstal van boumateriaal en beskadiging van die terrein. Dit het die bou van die kerk met 'n paar maande vertraag en stewige diefwering moes aangebring word.

Die diens op 8 Februarie was besonder feestelik. Die gemeente en besoekers uit Belhar, Bellville en Leiden het die kerk volgesit, soveel so dat al die kinders op die grond moes sit. Verder was daar ook besoekers uit Gauteng: Jerry Mhlanga (van Soshanguve) en Koos Toebees (van die Sending Deputaatskap Suid-Afrika) het elk hul gelukwensing kon uitspreek. Gelukwensingsbriewe is uit die kerkverband van Suid-Afrika en Nederland ontvang en voorgelees. In die woorde van br F Koning (van die Zending Deputaatskap Nederland) is die atmosfeer van die geleentheid goed gereflekteer:

Zondag 8 februari 2004 is voor u een door de Here rijk gezegende dag. De Here heeft in de afgelopen jaren veel zegen op het werk mogen geven. Zelfs zoveel dat door de groei van de zendings-

gemeente het houthuisie veel te klein werd. Geve de Here dat ook in de toekomst die groei mag doorgaan. Onze hemelse Vader geve u als leden van de jonge gemeente van Wesbank een sterk geloof om een lichtend licht en een zoutend zout te zijn, temidden van zovelen, die Hem nog niet aangenomen hebben als hun Verlosser.

Die Bellville-gemeente bedryf reeds sedert 1979 sending onder die kleurlinggemeenskap. In Belhar het 'n gemeente in die tagtiger jare ontstaan, 'n gemeente wat vir jare klein gebly het en hulle ken vandag (tans 78 lidmate) nog groot moeïes. Dit is omstandighede wat oral op die Kaapse Vlakte heers en ook in die gemeente van Wesbank en die preekpunt in Leiden voorkom. Ds Breytenbach (sendeling in Belhar) beskryf dit só:

Belhar is 'n neerdrukkende plek. Daar kom soveel werkloosheid, alkohol- en dwelmafhanlikheid, bendebedrywighede en gesinsgeweld in die woongebied voor. Die lidmate lewe onder hierdie moeïevolle omstandighede. Binne hierdie omstandighede baan die evangelie 'n weg in die lewens van God se kinders. Dit is moeilik om die lewe in hierdie situasie as 'n eenheid te sien in terme van die verbond van God met sy kinders. Daar is daarom groot blydskap oor geestelike groei ten spyte van alles wat dit teenwerk. Dit is van die genade van God soos dit in die Woord verkondig word, waarvan die gemeente mag lewe.

Sedert die jaar 2000 is daar egter sigbare seën op verskeie vlakke: die aantal werksgebiede het van een (Belhar) uitgebrei na drie (Wesbank en Leiden is bygevoeg) en die ledetal in die sendinggemeentes het ondanks verskeie ontrekkings toegeneem. Die aantal sendelinge het verdubbel en beide sendelinge is

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos • 30
Lugpos • 40



Die nuwe kerkgebou in Wesbank

Suid-Afrikaans gebore en getoë. 'n Nuwe kerkgebou is in Wesbank gebou wat hoop gee tot verdere verspreiding van die evangelie daar.

In die Belhargemeente het die Here lidmate gegee wat die teologiese studie van ons kerkverband volg met die oog daarop om uiteindelik die gemeentes te kan lei. Daar is 'n funksionerende kerkraad waar-

van 2 lede teologie studeer, Carl van Wyk en Piet Abrahams. Albei studente toon goeie vordering en werk saam met ds Breytenbach onder die gemeente. 'n Derde student, Chris Willemse, het hierdie jaar met 'n oriënteringskursus in die teologie begin.

In 2003 het ds Breytenbach saam met lede van Belhar 'n preekpunt

in Leiden begin. Soos Wesbank, bied hierdie woonbuurt regerings-behuising op groot skaal vir arm mense. Huise in die gebied word van deur tot deur besoek en inwoners word uitgenooi om dienste op Sondagmiddae om 3 nm aan huis van Jessica Koks, 'n lid van die Belhargemeente wat in Leiden woon, by te woon. Sondagskool vir kinders word vooraf gegee en daar is 'n tiental getroue besoekers. Die plan is om die houthuisie, wat tans nog in Wesbank staan, na Leiden te verskuif sodat beter struktuur aan 'n gemeentelêwe gegee kan word.

Te midde van menslike moeilikhede, is daar hoop vir die toekoms. Die paaie van die Here is vir sy kinders nie altyd sigbaar nie, maar as die Here soveel duidelike groei laat sien, is daar rede tot lofprysing.

Hilde Roos is voorligter van die sendingkommissie van die Vrye Geref. Kerk in Bellville. ✠

10-JAAR DEMOKRASIE

Tog gaan dit nie beter met Suid-Afrika nie

Rob van der Kooy


TEMA: VERKIESING 2004

Die algemene verwagting is dat die ANC met die eerskomende algemene verkiesing 'n groot meerderheid sal behaal. Waarskynlik sal min of meer twee derde van die kiesers vir die ANC wat al die afgelope tien jaar aan bewind is, stem. Het die ANC dan so goed regeer? Of is daar vir die ANC-kiesers net nie 'n alternatief nie sodat hulle maar vir hul "eie" party stem, ongeag hoe goed hulle presteer?

In die afgelope paar maande maak die regering self, maar ook politieke partye en politieke kommentators, lysies van dinge in SA wat verbeter en dalk versleg het. En almal kan bewys wat hulle wil bewys. Want die prentjie is 'n gemengde een. Dit is duidelik dat sake op die gebied van misdaad, korrupsie, werk-

loosheid, onderwys en owerheidsdiensverskaffing verswak het. Maar, aan die ander kant, meer mense as ooit het toegang tot elektrisiteit, water, welsyns- en gesondheidsdienste.

Die ANC kan aantoon dat die makro-ekonomie gesond is met relatief min buitelandse skuld, met lae rentekoerse en met inflasie onder beheer. Maar daar is te min groei sodat werksgeleenthede krimp en armoede groter word. Op die gebied van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en die transformasie van blanke beheer oor die ekonomie na swart beheer, word baie gedoen. Maar of dit tot voor- of nadeel van die land in sy geheel gaan strek, moet nog gesien word.



Of tien jaar se demokrasie die land goed gedoen het, kan nie na die een of ander kant bewys word nie. Bloot omdat die definisie van "goed" van individu tot individu en van groep tot groep verskil. Met 'n materialis gaan dit "goed" as hy vanjaar meer geld het om te bestee as verlede jaar. Met 'n humanis gaan dit beter as hy meen meer word gedoen aan die handhawing van menseregte. Met baie mense wat net vir hul eie genot en plesiertjies lewe, gaan dit goed as hulle meer genot en plesiertjies het. En die kapitalis is op sy gelukkigste as hy optimale wins maak. Toegepas op die SA

bevolkingsamestelling kan 'n mens die volgende veralgemenings maak:

- Die meerderheid blankes is ongetwyfeld van mening dat die afgelope dekade nie goed vir die land was nie. Hulle kan op talle faktore wys, en feit van die saak is dat hierdie tien jaar vir die meerderheid van blankes nie goed was nie. Hulle het op talle plekke ten regte of ten onregte hul bevoorregte posisies verloor, en hul vooruitsigte is dikwels nie goed nie.
- Vir baie swartes gaan dit dalk nie ekonomies of maatskaplik beter nie, maar hulle is waarskynlik nog steeds bly dat hul eie (swart) mense regeer. En of hierdie "eie" mense goed vaar of nie, is vir hulle van minder belang. Vir hulle gaan dit relatief "goed" omdat die land in die rigting van "Afrika-waardes" beweeg.
- Kleurlinge is weer, net soos onder die destydse blanke bewind, die groep wat eintlik nêrens behoort nie. Blankes sien hulle as te swart en swartes sien hulle as te blank. Vir hulle was die afgelope tien jaar waarskynlik minder sleg as vir blankes, maar hulle voel steeds bedreig.
- Indiërs sit ook in 'n tussenposisie, maar baie van hulle vereenselwig hulle meer met die swart bewindhebbers as die kleurlinge. Vir sover hulle dit doen en as sodanig aanvaar word, was dit in die afgelope dekade tot hulle voordeel.

Maar om 'n gebalanseerde oordeel te vel, moet 'n mens dieper kyk: Eerstens wat betref die geloofsontwikkeling van die land se mense in terme van die Christelike geloof, en tweedens wat betref die onderliggende strukturele transformasie wat besig is om plaas te vind.

Wat die Christelike geloof betref, is daar verskillende dimensies:


- Die belangrikste oorkoepelende vraag: Is ons hemelse Vader bly met wat in die afgelope dekade in SA gebeur het, of teleurgesteld?
- Hoe het dit met die kerk van Jesus Christus hier in SA gegaan, vir sover ons as nietige mense

dit kan beoordeel?

- Het die kerk meer of minder geleentede vir die verkondiging van die evangelie gehad en benut?
- Kon gelowiges in meerdere of mindere mate 'n stil en rustige godvrugtige lewe lei, die evangelie verkondig, hul roeping uit-lewe, kinders van die Here opvoed...?

Wat op die gebied van die kerk en die geloof in SA gebeur het, het nie noodwendig veel met die tien jaar se regering te doen nie. Wel is dit so dat, ongeag die feit dat ons land se nuwe grondwet godsdienstvryheid verkondig, die regering 'n duidelike anti-christelike, maar ook 'n redelik tolerante koers volg. Dit is veral duidelik op die gebied van die onderwys waar Christelike waardes toenemend ondermyn en waardes van 'n soort Afrika-multigodsdienst ingeforseer word. Maar dit blyk ook op talle ander gebiede, soos morele waardes en prioriteite, uitsprake oor die Christelike geloof, die siening van misdaad, misdaadbestryding en korrupsie, ens.

Die doel van die owerhede is duidelik nie om die Here te dien nie, en dit is nie iets wat vir die Here welgevallig is nie. Die Christelik-nasionale beleid van die vorige regering was sekerlik ook nie welgevallig in die Here se oë nie. Maar minstens was daar nog 'n vae begeerte na en kennis van die Drie-enige God. Hierdie louheid is nou duidelik besig om te sekulariseer in ongeloof en anti-kerklikheid. Dieselfde geld vir die toenemende algemene sekularisasie onder baie mense in die land. Kyk 'n mens na die persentasie van mense wat hulself in die bevolkingsensus klassifiseer as "Christene", dan is SA nog steeds 'n Christelike land. Maar dit is al minder die geval. Kyk maar hoe die aantal mense wat aan kerke behoort besig is om te krimp, die veel minder aantal wat aktief by



kerke betrokke is, die toenemende vrysinnigheid in die teologie, ondermyning van die gesag van die Bybel, allerlei bedenklike stromings in en rondom kerke, sinkretisme, ens. En kyk veral na die lewenstyl en sterk materialisme van mense, wat duidelik nie van 'n Christelike lewe getuig nie.

Daar is steeds baie om voor dankbaar te wees. En meer as dit: die regering en sy beleid gee nog baie geleentede om die gereformeerde geloof te bely, uit te lewe en te verkondig. God se kerk hier word nie gehinder nie, die evangelie mag oor die algemeen vrylik verkondig word, Christelike skole kan in baie provinsies subsidie kry, en sendelinge kan ongehinderd die evangelie verkondig.

Onderliggend is egter 'n baie belangrike strukturele transformasie aan die gang wat met verloop van tyd toenemend ook die lewensruimte van gelowiges en van Christelike kerke gaan raak. Dit is nie so maklik om hierdie strukturele transformasie waaroor die regering nie veel sê nie, maar waaraan hy wel baie doen, onder woorde te bring nie. Daar is egter genoeg aanduidings:

- Die proses van swart bemagtiging waardeur 'n toenemende aantal groot en ook kleiner ondernemings slegs owerheidskontrakte of -bestellings kan kry as aan 'n aantal vereistes voldoen word, soos om 'n sekere persentasie swartes in die personeel en in die bestuur te hê. En groot geld word gebruik om blanke aandeelhouers van groot ondernemings uit te koop en aan swart aandeelhouers oor te dra.
- Die proses van regstellende aksie bestaan veral uit twee komponente: Blanke personeel in alle owerheids- en semi-owerheidsinstellings is reeds op groot skaal deur swart personeel vervang, 'n proses wat nog glad

nie naby sy einde is nie. En tweedens, omvangryke programme om swart mense op te lei om al meer in die moderne ekonomie effektief te kan funksioneer.

- Die grondbesitprogram om swart grondbesit op groot skaal uit te brei. Dit raak veral die platteland, is polities heel sensitief en gaan oor die medium tot lang termyn nog tot baie stryd en onenigheid lei.

Aan die een kant besef die ANC-regering dat die ekonomie in stand gehou en ekonomiese groei versnel moet word, onder meer ter wille van internasionale mededingendheid, plaaslike indiensneming en lewenstandaarde. Aan die ander kant is dit vir die regering 'n absolute beginsel dat die landseksie in die hande van swartes moet kom. Daarom is daar 'n stilswyende bereidheid om ter wille van hierdie beginsel ekonomiese groei, effektiewe diensverskaffing en werkseleenthede op te offer.

En die ekonomie moet nie net onder swart beheer kom nie. Die aard van die ekonomiese stelsel

moet verander volgens die vae begrip van "Afrika-waardes". Die vryemark stelsel word gedoog slegs vir sover dit nog nie deur 'n vorm van "Afrika-sosialisme" vervang kan word nie. Standaard, soos 'n mens dit in openbare skole en in hospitale sien en ervaar, kan maar by Afrika-vlakke aanpas. Hier is die onderliggende gedagte dat die Westerse (blanke) manier van doen en dink nie die enigste en ook nie noodwendig die beste manier van dink en doen is nie. Afrika-waardes moet net die geleentheid gegee word om te ontplooi. Dit kan in die oë van die regering en sy volgelinge dalk nog heelwat jare kos voordat dit moontlik is, maar dit is net 'n kwessie van tyd.

Ongelukkig is in hierdie artikel nie ruimte om die verskil tussen Westerse en Afrika-waardes te beskryf nie. Ook nie om aan te toon dat vanuit 'n Bybelse oogpunt Westerse waardes noodwendig almal "goed" en Afrika-waardes almal "sleg" is nie. Dit is sekerlik iets vir 'n ander artikel. Maar die gevolgtrekking kan wel gemaak word dat 'n mens kan verwag dat aspekte soos misdaad, werkloos-

heid, die geleentheid vir blankes en, boweal, die lewensruimte vir die kerk, nie gaan verbeter nie. Veral die onderliggende tendense wat in die afgelope tien jaar duidelik geword het, gaan nog lank met ons wees, en dit gaan al minder en minder net onderliggend bly, maar al meer aan die oppervlakte kom.

Om die balans op te maak: Die afgelope dekade was veel beter as wat ons tien jaar gelede durf hoop het. Maar die fondament is gelê vir menslik-gesproke slegter tye. Rede vir pessimisme? Nee, 'n gelowige het nooit rede om pessimisties te wees nie. Want God hou sy kerk in stand. En God sorg vir sy kinders. Solank SA nog geleentheid vir die uitbreiding van God se koninkryk bied, met alle waardes wat daarmee saamgaan, moet ons hier en nou ons hand aan die ploeg hou. As dit vir ons uitsigloos lyk, moet ons nie vergeet dat God met minder as 'n handomkeer alles kan verander, as en soos dit sy wil is. Ons is net gewillige diensknegte in sy raadsplan. ☩

REGERING EN OPPOSISIE: GEEN KEUSE VIR DIE CHRISTEN?


Martin de Wit

TEMA: VERKIESING 2004

Die Bybel is nie 'n handboek vir die konkrete oplossing van elke probleem nie. Ook nie as daar 'n keuse gemaak moet word tussen politieke partye nie. Die maklike opsie is dan om maar weg te bly van die stembus. Maar om apaties te wees is ook 'n keuse. Die politiek is nie per definisie 'n groot en vuil spel waaraan Christene hulle somer kan onttrek nie. En veral nie as dit gaan oor sake soos werkloosheid, kriminaliteit, korrupsie, HIV/Vigs en Zimbabwe nie, intendeel dit is alles gevolge van 'n wêreld wat in sonde geval het en waar die Christen sy/haar stem moet laat hoor.

Ons leef in 'n wêreld waar Christene volop 'n boodskap het, ook in die politiek. Ons glo nie aan 'n gesplete wêreld: enersyds goddelik en verheue en andersyds sondig en vuil

nie. Ons glo nog minder aan 'n sekulêre wêreld van genot, vryheid en plesier aan die een kant en sonde en vuilheid aan die ander kant nie. Ons glo dat die hele Skepping in



sonde geval het, dat Christus ons daaruit verlos het en dat ons Hom daarvoor dankbaar is. Daardie boodskap is geldig in alle fasette van die samelewing.

Ons glo dat die kerk die versameling van die gelowiges is. Dit het egter nog nooit beteken dat die kerk die alleenmandaat op God se genade sou hê nie, of selfs die filter van God

se genade sou wees nie. Nie deur die kerk nie, maar net deur Christus word God se genade beskikbaar gemaak.



Buite Christus is daar geen genade en verlossing nie. Christus is die Koning van die Kerk, maar ook die Koning van die hele wêreld. Alle mense is daarom verantwoordelikheid aan Christus verskuldig. Die kerk het 'n belangrike rol hierin - hulle is die ambassadeurs, die diensknegte van die Koning.

Die regering en politieke partye bly ook verantwoordelik teenoor God. Die kerk het die rol om hierdie verantwoordelikhede te bly aanwys. Ongelowiges sal dikwels nie weet wat God van hulle vra nie, maar dit onthef die kerk nie van die rol om belofte en eis duidelik te bly maak nie.

Dit bring ons by 'n belangrike vraag: Hoe moet die regering en politieke partye dan geëvalueer word? Hoe weet ons vir wie om te stem? Om mee te begin is daar enkele rigtinggewende konsepte soos die kultuurmandaat en rentmeesterskap. Die kultuurmandaat vra van die regering dat ruimte geskep word om die wêreld te ontwikkel sodat God daarin groot gemaak kan word. Daar moet ruimte wees om volop en menswaardig te arbeien en te investeer, maar ook genoeg balans dat dit nie deurslaan na materialisme, die verwoesting van die natuur en die uitbuiting van ons medemense nie. Ons is rentmeesters van God se wêreld, en die regering het 'n direkte rol om te sorg dat hierdie diensbaarheid tot sy reg kom. Maar hierdie konsepte is baie breed en verskeie menings (ook Christenmenings), kan hierbinne geïnterpreteer word.

'n Meer direkte maatstaf is die gehoorsaamheid aan die Tien

Gebooie. Asem die regering en politieke partye se woorde en dade 'n liefde uit vir God en vir alle mense? Word alles binne vermoë gedoen om byvoorbeeld menswaardige werk te skep, die regstelsel te onderhou, die gesin en huwelik te beskerm, kriminaliteit te bestraf en menseleuens te spaar?

Daar is dikwels geargumenteer dat die primêre taak van die owerheid is om reg te laat geskied. In die eerste plek reg teenoor God, maar ook die skep van reëls wat die goeie orde tussen mense onderling en tussen mense en die skepping sal handhaaf. Die gebrokenheid van die wêreld sal daartoe lei dat verskeie pogings om dit te bewerkstellig nie suksesvol sal wees nie. Die toetssteen sal wees of die regering of politieke partye, ten spyte van baie probleme, alles in hulle vermoë doen om telkemale weer die reg, in al sy fasette, te bly handhaaf.

Teen hierdie agtergrond kan die regerende partye en amptelike opposisie verder ontleed word. Die ANC het 'n groeiende aanhang. In 1994 het die ANC 63% van die stemme op homself verenig wat in 1999 tot 66% gestyg het. Ook op lokale vlak het die aanhang toegeneem. In 1995/6 was dit 58% en in 2000 was dit 60%. Die DA daarenteen het op lokale vlak van 24% van die stemme in 1995/96 teruggesak tot 22% in 2000. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die feit dat die NNP en DA in 1995/96 'n koalisie was, terwyl dit in 2000 nie die geval was nie. Daar word verder nie verwag dat daar enige beduidende groei in die opposisie sal wees in die nabye toekoms nie.

Die ANC het gemengde resultate bereik in die laatste 10 jaar. Makro-ekonomies gesien gaan dit nie alte sleg nie. Die ANC kan met reg trots wees op

hul rekord ten opsigte van gedisiplineerde owerheidsbesteding, lae inflasie en rentekoerse, goeie stelsels van belastinginvordering, en redelike lae, maar tog bestendige ekonomiese groei. Die regstelsel het bly funksioneer, ons het godsdiensvryheid, almal het vryheid van spraak en daar is 'n stelsel wat oor die algemeen basiese menseregte bly beskerm.

Die ironie van die saak is dat daar tegelykertyd stygende vlakke van werkloosheid en armoede is, dat ekonomiese vooruitgang dikwels gepaard gegaan het met die uitbuiting van mens en natuur, dat in baie areas publieke dienste nie gelewer word nie, dat lokale regerings dikwels sukkel om hulle begrotings sinvol te spandeer, en dat kriminaliteit nie hokgeslaan word nie. Voeg daarby die regering se onwilligheid om aan knellende sake soos HIV/Vigs, Zimbabwe en plaasmoorde aandag te gee. Alhoewel die kwaliteit van lewe vir baie verbeter het, is daar nog steeds groot en groeiende massas wat uitgesluit word. President Thabo Mbeki het al begin praat van 'n eerste en tweede ekonomie – een ryk en blank, die ander arm en swart.

Die ANC stel voor dat die staat meer betrokke gaan raak in die volgende paar jaar. Swart bemagtiging is wetlik bekragtig en ooreenkomste is al gesluit met die mynbou en finansiële sektor. R45 biljoen is bewillig om werk te skep deur openbare werk programme, terwyl daar planne op tafel is om spesifiek aandag te begin gee aan mikro-finansiering, die daarstel van spesifieke leerplanne en ook op die gebied van grondhervorming.

Die DA voer wat politieke ontleders 'n negatiewe politiek noem. In beginsel stem hulle in breë lyne saam met die ANC se beleidsbepalings, maar voer 'n onbuigsame aanslag teen alles wat verkeerd gegaan het in die laatste paar jaar: werkloosheid, armoede, moorde, HIV/Vigs, die NNP se verraad en swak dienslewering. Kortom, in reaksie op die ANC se "sosiale kontrak", noem die DA dat daar eerder kontrakbreuk is. Die breuk tussen regering en opposisie loop egter dieper as 'n eenvoudige teenreaksie op die ANC se swakhede. Die DA staan 'n liberale, individuele filosofie voor, terwyl beide die ANC en NNP meer gefokus is op 'n filosofie waar gemeenskaplike regte en verpligtings belangrik is. Die posisie van die NNP is egter minder duidelik. Die nuut gevormde samewerking met die ANC in die Wes-Kaap bring 'n nuwe nierassigheid in die politiek, maar die geloofwaardigheid daarvan is nog lank nie aan alle (veral blanke) kiesers verkoop nie.

Om die regerende partye bloot te beoordeel op grond van die probleme wat nog daar is sou te ver gaan. Probleme is deel van 'n gebroke wêreld. Dit geld ook vir die DA se negatiewe teenreaksie, of die NNP se politieke rondskuiwery. Die regte vraag is eerder of ons vir enige van hierdie partye kan stem gegewe die erns waarmee hulle die opdrag van God uitvoer of nie. Staan hulle op vir die regte waardes en norme? Laat hulle hul stem hoor as daar aan die regstelsel gepeuter word? Is hulle bereid om uitbuiting en korrupsie aan die kaak te stel? En vra maar u eie vrae verder.

Die NNP se beginsels verwys direk na die oppergesag en leiding van God Almagtig en die Christelike waardes wat hierdie party voorstaan. 'n Vraag wat bly is hoe hierdie beginselstandpunte rym met die pragmatiese samewerking met die ANC wat geen Christelike grondslag het nie. Die feit dat die ANC nie ten alle tye die reg beskerm nie, soos in geval van die beleid ten opsigte

van Zimbabwe, die hoë vlakke van (plaas)moorde en die geringe strawwe wat aan misdadigers opgelê word, kan ook met reg vrae laat ontstaan. Die DA is liberaal en humanisties, en moet getoets word aan hul werklike sorg vir swakkes en die natuur en 'n meer spesifieke onderhouding van God se gebooië oor sake soos bv. aborsie en homoseksualiteit.

Gaan neem die standpunte van elke party, luister na wat hul leiers te sê het en vra uself die volgende vrae af:

- word hierdeur geregtigheid teenoor God, mens en natuur bevorder?
- word een van die tien gebooië oortree?
- wie kom die naaste aan God se wil?

Geen party sal perfekte antwoorde kan gee nie. Die gebrokenheid van die wêreld is egter nie 'n verskoning om nie u stem te laat hoor nie, intendeel, dis juis 'n rede waarom 14 April nou al in u agenda moet staan. ☐

CHRISTELIKE POLITIEK IN SA

J Moes


TEMA: VERKIESING 2004

Die daaglikse politiek in SA word deurgaans bepaal deur "issues", sake wat op daardie bepaalde tyd die gemoedere intensief besig hou. Dit is die onderwerpe wat in die pers breed uitgemeet word en waaroor politici met mekaar baklei. Die standpunt oor hierdie "issues" word bepaal deur die onderliggende ideologie van die politikus of die politieke party. Daarom is dit belangrik om te let op die grondslag en uitgangspunte waarop die politiek van 'n sekere party gebou is. Dit bepaal uiteindelik hulle koers. En dan moet ons in die besonder let op enige Christelike

grondslag wat daar mag wees. Die ACDP is 'n politieke party wat hom nadruklik profileer op sy Christelike grondslag. Dit is dus die regte party om ons stem op uit te bring.

DOELSTELLING- OF "ISSUE"-POLITIEK

Politiek het te doen met die bestuur van 'n stad (*polis*) of 'n staat. Dit beteken dat 'n koers bepaal moet word in watter rigting hierdie stad of staat moet ontwikkel. Dit word gerealiseer deur doelstellings vir ontwikkeling te bepaal en die pad soontoe uit te werk. Doelstellings, asook die realisering daarvan, het te



make met wat goed en wat verkeerd is vir die inwoners van die stad of staat. En wat goed of verkeerd is, word weer bepaal deur die onderliggende ideologie of godsdiens. In 'n demokratiese politieke bedeling word die oorheersende ideologie bepaal deur die meerderheid van die bewoners van die stad of staat.

In die huidige politieke praktyk in SA word hoofsaaklik gefokus op die aanpak van sekere "issues" of probleme. Die politieke partye wat meeding om die guns van die kieser bepaal 'n aantal sake wat van belang is vir 'n groot aantal kiesers. Dit kan wees: werkseleentheid, huisvesting, onderwys, mediese sorg, watervoorsiening, elektrisiteit, die doodstraf, ens. Hulle belowe dat al hierdie probleme deur hulle aangepak en/of opgelos gaan word. As die kieser hom of haar aangespreek voel deur hierdie aanpak en beloftes, stem hulle vir hierdie party.

Die werklikheid is dat daar baie sake is wat in die periode tot die volgende verkiesing opduik en om aksie vra. Dan moet die kieser maar blindelings op die party waarvoor hy gestem het vertrou om ook in hierdie sake die regte benadering te volg. Deur vir dié party te stem het hy as 't ware 'n volmag aan die party gegee om sy belange te behartig tot die volgende verkiesing. Dit is die swakte van verkiesings op basis van 'n aantal "issues". Die gedetailleerde uitwerking daarvan in die realiteit van kompromispolitiek en die bykomende sake word oorgelaat aan die party op grond van sy span van (al dan nie) kundige politici of van vertroue in die party se algemene beleid.

VOLKS- OF GROEPSPOLITIEK

'n Ander benadering van 'n politieke party in SA kan wees om sy steun te soek binne 'n sekere groep mense. Die politieke party word dan 'n belange-party, wat sal probeer om die belange van hulle ondersteuners so goed moontlik te behartig by die verskeie sake wat opduik in die komende jare. Dit gaan dan partykeer ten koste van die belange van ander wat nie sterk in die politiek verteenwoordig is nie (dit lei tot die "diktatuur van die meerderheid").

Omdat hierdie benadering nog sterk deurwerk in die politieke partye van



SA, bly die onderskeid tussen swart en wit nog maar steeds duidelik sigbaar in die politiek. Die meerderheidsparty (ANC) word dan beskou as 'n party wat die belange van die swart mense in SA behartig. Dan moet daarteenoor 'n party van byvoorbeeld wit mense opgerig word om weer hulle spesifieke belange te bevorder. Dit is dus belange-politiek op grond van ras, volk of groep. Dit skep verdeeldheid, terwyl 'n verenigende aanpak eerder op sy plek sou wees.

BEGINSELPOLITIEK

'n Ander benadering, wat deur sommige partye gevolg word, is 'n politiek op grond van sekere ideologie of beginsels. Dit kan byvoorbeeld sosialisme of liberalisme as ideaalopvattinge vir maatskaplike strukture wees. Of Moslem politiek op grond van Moslem beginsels. In Europa was hierdie politieke struktuur oorheersend. Die twee partye wat in SA die sterkste op beginsels gebou is, is die SA Kommuniste Party (SAKP) en die *African Christian Democratic Party* (die ACDP). Maar daar moet bygevoeg word dat die SAKP, deur die beleid van die Minister van Handel en Nywerheid, Mnr Alec Erwin, amper kapitalisties genoem kan word. Slegs die ACDP lyk konsekwent in sy politieke beleid op grond van sy beginsels.

Christelike politiek sou 'n mens dan kan definieer as politiek wat bedryf word vanuit duidelike Christelike beginsels. Dit bepaal die prioriteite

van die praktiese politiek, asook die manier van aanpak om probleme op te los. Dit bevoordeel ook nie die belange van seker groepe in die samelewing nie, maar is gerig op die welsyn van die land as geheel. Christelike politiek moet ook meer wees as getuienis-politiek. Dit moet werklik moeite doen om op 'n kundige manier die probleme van die land aan te (laat) pak. In die realiteit van die huidige SA bevolking vra dit samewerking met gelykdenkendes en vereis dit 'n algemene draagvlak binne die samelewing.

BEOORDELING

As 'n mens moet besluit wat die beste benadering is, dan kan vasgestel word dat politiek bedryf primêr op grond van geïdentifiseerde probleme nie die regte benadering kan wees nie. Die probleme wat byvoorbeeld nou voor die voetlig gehaal word, is probleme wat reeds dekades met ons is en wat nie maklik in die volgende vyf jaar opgelos sal word nie. Verder, as daar by die aanpak van kriminaliteit uitgegaan bly word van die basiese goedheid van die mens, sal die aanpak van die misdaadprobleem nie doeltreffend kan wees nie. Ook die politiek van belangebehartiging is nie verantwoord vanuit 'n Christelike benadering nie. Die regering en die politiek moet die belange van die hele bevolking in aanmerking neem by die bepaal van prioriteite en beleid.

Die uwe is 'n sterk voorstander van die benadering van die politiek vanuit beginsels, met name Christelike beginsels. Dit skep duidelikheid vir die kieser: hy weet wat hy kan verwag van sy party en hy kan by die politici appelleer op die gebruik van die beginsels vir probleme wat sal opduik in die jare wat voorlê. In SA is die beste voorbeeld van 'n politieke party met beginsels die ACDP, wat politiek wil bedryf op grond van Christelike beginsels. Hulle het wel ook 'n lys

van nasionale knelpunte, maar die ondersteuning van die kieser word gevra op grond van die beginsels waarmee die probleme geïdentifiseer en oplossings gesoek word.

DIE ACDP

Ons kan die ACDP beter leer ken deur hul webwerf: www.acdp.org.za te besoek. Daar meld hulle wat die uitgangspunte van hulle politiek is: Christelike beginsels, gesinswaardes, vryheid van godsdiens, 'n vryemark ekonomie, gemeenskapsbemagtiging en menseregte in 'n federale stelsel. Soos verwoord in hulle Grondwet, glo die party dat Suid-Afrika 'n land is onder die Almagtige God. Hulle glo:

1. daar is een Skepper-God, wat ewig bestaan in drie persone, Vader, Seun en Heilige Gees; Jesus Christus het die heerskappy oor die aarde;
2. die Bybel is die geïnspireerde, onfeilbare geskrewe Woord van God en het die finale gesag oor alle menslike wette en regering;
3. die burgerlike regering staan onder die gesag van God;
4. Bybelse beginsels verskaf die regte grondslag vir die burgerlike regering om persoonlike vryheid, gesinswaardes, geregtigheid, vrede, veiligheid, nasionale eenheid en versoening vir die land en sy mense te waarborg (Ps. 127:1).

Hulle beskou die regering as 'n instrument van God om die swaard van geregtigheid te hanteer en om die samelewing te bestuur vanuit 'n houding van diensbaarheid, tot seën van almal wat hulle aan die owerheid onderwerp (Rom. 13:4). 'n Vryemark ekonomie skeep die beste geleentheid vir almal om voorspoed te hê. God se ekonomiese riglyne moet daarin gevolg word. Dit is:

1. harde werk (Spreuke 13:11);
2. eerlike persoonlike en besigheidsgedrag (Efesiërs 4:28);
3. gesonde ekonomiese beginsels

(Ex. 22:25-27 en Rom. 13:8);

4. liefdadigheid (Lev. 25:35);
5. tiendes (Mal. 3:8-12).

Die party se sterk punte is dat hulle een van die min partye is met 'n veelrassige leierskap, wat met 'n verskeidenheid van politieke agtergronde, verenig is op gemeenskaplike beginsels. Hulle wil ontwikkeling bevorder deur bemagtiging van individue en gemeenskappe op grondvlak. Hulle wil die probleme van die land, soos armoede, veiligheid, die ekonomie, behuising, onderwys, gesondheidsorg en grondbesit, aanpak op basis van beleid wat sy sukses reeds bewys het. Die ACDP is 'n nuwe party wat nie deur die verlede besmet is en dus 'n nuwe begin kan maak in Suid-Afrika.

Die praktiese breë beleid van die party is om:

1. Christelike gesinswaardes te bevorder, te handhaaf en te verdedig;
2. sterk Christelike leierskap te verskaf en Bybelse beginsels te verdedig, te bevorder en te handhaaf;
3. die leiding in die regering van SA te neem deur die voortgesette demokratiese proses;
4. deel te neem aan die politiek in SA, op grond van die bogenoemde beginsels;
5. te streef na die ontwikkeling van 'n breë front vir vreedsame samewerking, verhoudings, gesamentlike strategieë en alliansies met organisasies en persone wat soortgelyke doelstellings nastreef.

Die ACDP het op die oomblik agt lede in die nasionale parlement, vyf lede in vier provinsiale wetgewers en 60 lede in plaaslike rade in al nege provinsies. Die partyleier is Ds Kenneth Meshoe, wat ook stigter en voorganger is van die onafhanklike "Hope of Glory Tabernacle" by Johannesburg.

GEVOLGTREKKING

As ons die uitgangspunte van verskeie politieke partye beoordeel, dan behoort 'n Christen 'n party te ondersteun met duidelike Christelike beginsels, soos die ACDP. In kontras met die meeste ander politieke partye is die ACDP 'n party wat hom inderdaad onderskei deur duidelike Christelike beginsels en wat dit ook laat hoor waar hulle verteenwoordigers in regerings verkies is.

Hulle verteenwoordiging op regeringsvlakke is nog maar gering in aantal. Maar hulle is verteenwoordig in verskeie stadsrade, metropolitaanse rade, provinsiale regerings en in die nasionale parlement. Daar word die uitwerking van die Christelike beginsels geslyp deur die werklikheid. Ondanks hulle geringe getalle, word nogtans die Bybelse lig oor die politieke praktyk gewerp. Dit gebeur deurgaans in die vorm van goeie openbare getuienis, tot eer van God.

In die realisering van ons politieke roeping, buite die direkte verantwoordelikheid om ons stem uit te bring, sou ons vanuit gereformeerde beginsels kan baat deur toenadering te soek tot die plaaslike ACDP strukture. Deur wedersydse kontak kan ons moontlik mekaar stimuleer in die vormgewing van ons politieke roeping op die enigste goeie basis: die Woord van God.

Daar kan seker, vanuit gereformeerde agtergrond, ook kritiek op die ACDP uitgeoefen word. Die charismatiese agtergrond van die lede werk deur in die atmosfeer van die party. Maar om politiek te bedryf is harde werk in die klipharde werklikheid van elke dag. Gereformeerde nugterheid, op grond van dieselfde Bybelse beginsels, sal verrykend kan werk om Christelike politiek in SA meer gestalte te gee. ▣

OPPOSISIE POLITIEK

A. Roos

TEMA: VERKIESING 2004

Die lewensbloed van 'n demokrasie is 'n gesonde en sterk opposisie wat ewewig in 'n parlementêre demokrasie, soos ons s'n, bewerkstellig. Ongelukkig is van 'n sterk opposisie in ons land geen sprake nie.



Teenoor die magtige ANC wat amper twee derdes meerderheid in die Parlement besit, is daar sewe partye wat opponeer met die Demokratiese Alliansie van mnr. Tony Leon as die amptelike opposisie. Een van die sewe partye is die NNP waarvan 'n mens nie mooi weet of hulle *de facto* deel is van die opposisie of nie.

'n Mens hoef nie heldersienende te wees om te verstaan hoekom die ANC oppermagtig is nie. Die organisasie is 'n vryheidsbeweging wat omstreeks 1910 ontstaan het en die steun van die breë swart massa geniet het. Vandag is die situasie nie veel anders nie. Die persepsie is dat die ANC die belange van die swart massa behartig en derhalwe politieke steun behoort te kry.

PEILING

Met parlementêre verkiesings om die draai, is dit 'n gewoonte om min

of meer wetenskaplike vooruitskattings te maak oor die persentasie stemme wat die onderskeie partye sal kry. Twee peilings is onlangs gedoen: een deur Markinor en een deur die RGN:

	Markinor (%)	RGN(%)
ANC	64	67,8
DA	11	10,5
NNP	4	8,7
IVP	4	7,1
UDM	2	1,7
OD	1	1
ACDP	1	1
VF+	1	1
Bron:	Die Burger	

Die verskille tussen die twee peilings ontstaan a.g.v. verskille in steekproewe, maar is tans van ondergeskikte belang. Verder sal opgelet word dat albei opnames nie na 100% optel nie.


WEGBLY STEMME

Uit bostaande tabel sal dit sonder meer duidelik word watter invloed verkiesings apatie op die uitslag van die verkiesing kan hê.

Kiesersopkoms is van kardinale belang vir die opposisie. Verlore stemme as gevolg van kiesers wat verkies om nie stembus toe te gaan nie, slaan die klein partye harder as die grotes. Vir eersgenoemde is dit "reg of weg" maar die ANC sal



independent DEMOCRATS



byvoorbeeld, relatief gesproke, nouliks geraak word. 'n Verlies van een persent is wel jammer, maar beïnvloed nie (of nouliks) die meerderheid wat die party geniet nie. Daarom kan verwag word dat die komende verkiesingstryd met toenemende felheid deur veral die kleiner partye gevoer sal word, want die guns van die kieser bly belangrik.

KIESERSGUNS

In 'n kommentaar op die verskille in bogenoemde peilings is geopper dat 'n beduidende gedeelte van die publiek met hulle hart stem. Dis nie soseer 'n rasideel beredeneerde beslissing nie maar eerder een uit gewoonte. As die gewoonte was om NP te stem, sal die individuele stem weer NP (tans NNP) wees. Tensy iets besonder gebeur het. Dit maak dit moeilik om voorspellings te maak. Ons het 'n redelike mate van oorloperij gehad en menige kieser is vies dat sy of haar stem na dié party gegaan het waarvoor hulle in eerste instansie nie gestem het nie. Ook die keuse van die NNP om met die ANC saam te gaan het oor die algemeen nie goed afgegaan nie.

Verkiesingsbeloftes word ook met argwaan bejeën. Almal weet dat politici meer belowe as wat hulle kan waar maak. Nogtans moet kiesers hulle vergewis wat die politieke program van die onderskeie partye vir die komende ongeveer vyf jaar is. En alhoewel nie almal s'n al uit is nie, kan ons maar seker wees dat hulle nie veel sal verskil nie.



UNITED DEMOCRATIC MOVEMENT

Kyk 'n bietjie na die ANC se manifeste en ons weet min of meer wat in die ander sal voorkom. Wie is dan teen vermindering van werkloosheid, armoede? Wie kan fout vind met die bestryding van HIV/Vigs, misdaad en korrupsie? Wie sal nie ten gunste wees van 'n groeiende ekonomie sodat meer materiële welsyn vir meer mense beskikbaar word nie? Dit is saaklike belange waarmee min fout gevind kan word. Dit word egter 'n ander storie as doeleindes nagestreef word wat kwansuis sou indruis teen die universele regte van die mens, wanneer goddelike regte en voorskrifte bo die van die mens geplaas word. Ons dink aan die instelling van die doodstraf, nie as afskrikmiddel of wat ook al nie, maar as die gevolg van die swaardmag van die owerheid. Ons dink aan die verbod op abortus wat beskerming van ongebore lewe inhoud. Ons dink aan dobbelary en die lotery wat tog 'n gevaar vir die geestelike volksgesondheid inhoud. Hierdie doeleindes werf geen of min stemme want dis nie populêr nie. Verkiesings manifeste is nie normatief nie en dra geen beginsels anders as die van "vryheid, gelykheid en broederskap".

OPPOSISIE POLITIEK

Vir juis daardie rede is opposisie politiek so vervelig. Die DA, as leier van die opposisie, opereer

aan die marge van die politieke gebeure. In beginsel is daar min verskil tussen die beleid van die ANC en die beleid van die DA.

Laaste se beleid is dikwels negatisties en is 'n reaksie beleid op dit wat die ANC doen. 'n Mens kan amper by voorbaat weet wat die DA se reaksie is op stappe van die regerende party. Dit raak nie die essensie van die politieke "spel" nie en kan dit ook nie. Die nadeel van die DA is verder dat dit geassosieer word met die Engelssprekende liberale blanke bevolking en outomaties die argwaan van sowel politiek "links" as "regs" op die hals haal.

'n Ander benadering is die van, wat ek maar noem, Afrikaner politiek soos voorgestaan deur o.a. die VF+.


Behalwe die doelwitte wat algemeen aanvaar word, stel dit die saak van die Afrikaner. Sy kultuur, sy skole en sy taal. In navolging van Giliomee in sy boek "The Afrikaners" is 'n Afrikaner iemand van blanke Europese afkoms wat Afrikaans praat. Sy belaste verlede maak sy politiek nie populêr nie, maar die nugterheid gebied dat onbevange na sy verlede gekyk word. Sake is nie altyd so sleg as wat dit dikwels breed uitgemeet word nie. Seker, daar is elemente, selfs baie, wat ten strengste afgekeur moet word, maar die saak van die Afrikaner verdien beter as wat hom vandag toegedig word. Verder wil dit voorkom dat die Afrikaner nie net gaan lê het nie maar ook innerlik verdeel is. Dink maar aan die Groep van 63, Praag, die FAK e.d.m. Dit doen aan die saak van die Afrikaner politiek nie veel goed nie.

Die episode van mnr. Chris Louw wat as "Boetman" teen mnr. Willem



de Klerk te velde getrek het is ook nog nie vergeet nie. Ex president mnr. PW Botha het eens gewaarsku om op te pas vir die tier in die Afrikaner. Dit wil egter voorkom dat die tier dood is.

Belange politiek moet hand in hand met beginsel politiek gaan. Die kieser sal moet kies of en waar sy beginsel en belang met mekaar ooreenstem en daarvolgens sy kruisie trek. ▣



KERKNUUS

Die sinode van die Canadian and American Reformed Churches het dr Arjan de Visser benoem as professor aan die Theological College in Hamilton. Hy is benoem om Prof dr J de Jong op te volg in die amptelike vakke en in kerkreg en kerkgeskiedenis. Hy het inmiddels die benoeming aanvaar. Die redaksie van KOMPAS wens ons eindredakteur geluk met hierdie benoeming en wens hom en sy gesin wysheid en krag toe vir die tyd wat voorlê ter voorbereiding op die vertrek.

“Beyond the Miracle”

A Roos

TEMA: VERKIESING 2004

“Inside the new South Africa” is die ondertitel van bogenoemde boek deur Allister Sparks.

Die skrywer is beslis geen bewonderaar van die vorige politieke dispensasie nie. Alreeds by die intraplag op die eerste bladsy vertel hy van sy 40 jarige pennestryd teen apartheid se onregverdigheid, wreedheid en waansin. Nie juis ‘n boek wat by voorbaat aptyt wek nie. Die euwels van apartheid is tot vervelens toe uitgespel en nog ‘n publikasie oor daardie onderwerp is kwalik nodig.

Aan die ander kant is Allister Sparks ‘n gesoute joernalis wat diep spore getrap het in die pers- en uitsaaiwese en my nuuskierigheid geprikkel het. Sy boek is die laaste deel van ‘n trilogie wat beoog het om ‘n historiese studie van Suid-Afrika te wees. As sodanig sou dit vergelykbaar wees met die boek van Giliomee “The Afrikaners” wat in ‘n vroeë uitgawe van Kompas bespreek is.

Ongelukkig kan “Beyond the Miracle” nie by “The Afrikaners” kers vashou nie. Eersgenoemde is te veel in die “ek” vorm geskryf en te emosioneel gelaai om ‘n ewewigtige historiese beskrywing te gee. Nogtans het ek die boek heel goed leesbaar gevind, juis en veral omdat dit grotendeels in die “ek” vorm geskryf is. Die storie is nie langdradig nie en deurspek met anekdotiese aantekeninge.


Die skrywer baseer sy verhaal op die sg. “Mandela verdrag” wat lg. by sy inhuldiging as president aangekondig het. Ek haal aan “We enter into a covenant that we shall build a society in which all South Africans, both black and white, will be able to walk tall, without fear in

their hearts, assured of their inalienable right to human dignity – a rainbow nation at peace with itself and the world”. In die sestien hoofstukke wat die boek bevat, word vertel of en in hoever die regering na die oordrag van die politieke mag geslaag het.

Na die magsoorname in 1994 het die regering vir ‘n drietal kritieke beslissings te staan gekom. Sparks noem dit die “drie-in-een” revolusie. In die eerste plek moes die regering die politieke stelsel omvorm tot ‘n volledige demokrasie met gelyke regte vir almal, ongeag ras, kleur of geloof.

Die dringende vraag wat hierby ‘n rol gespeel het, was dié van toe-eiening. Aan wie het Suid-Afrika behoort? Aan die blankes waar swartes bywoners was en wie se woonplek tot tuislande beperk was? Het dit behoort aan swartes omdat hulle in die meerderheid was? Of behoort almal ‘n plek onder die son te kry?

Die tweede probleem was die omvorming van die ekonomie. Die ANC het volgens die skrywer, pleks van ‘n verwagte horing van oorvloed, met ‘n amper bankrot ekonomie te doene gekry. Die begrotingstekort het ‘n allemintige 8,6% van die bruto binnelandse produk beloop en daar was eenvoudig nie geld genoeg vir al die planne wat die nuwe regering wou aanpak nie. Terloops, wat kon die ANC anders verwag het na amper ‘n dekade van ekonomiese boikotte waarop hulle so sterk aangedring het? Nie alleen moes die nuwe maghebbers die ekonomie op ‘n gesonde voet plaas nie maar bowenal die ekonomie inpas in ‘n globale ekonomie met toenemende kompetisie.



Dit het aanleiding gegee vir die derde revolusie, nl. die omvorming van ‘n inwaarts gerigte, beleërde ekonomie na ‘n uitwaarts gerigte, uitvoer ekonomie waar fabriekswese, eerder as myn- en landbou, ‘n oorwegende rol sou speel. Hierdie omwenteling moes gelei word deur mense wat geen ervaring in staatsake gehad het nie. Soos mnr. Mandela dit uitgedruk het “we were taken from the bush, or from underground inside the country, or from prisons, to come and take charge. We were suddenly thrown into this immense responsibility of running a highly developed country.”

Dit is presies wat Sparks die wonder noem. Onervare bewindhebbers, wat Sparks indeel in “Robbeneiland gevangenes”, “uitgewekenes” en “township aktiviste”, wat die politieke en ekonomiese omwenteling sonder te veel ongelukke tot stand gebring het. Ongelukke het natuurlik wel gebeur. Enige revolusie eis sy slagoffers. Nie net onder blankes uit die apartheidsbedeling nie, maar ook onder leiers wat uit die bevrydingstryd gekom het.

Sparks noem mnr. Joe Modise, destydse hoof van *Umkhonto weSizwe*, wat as Minister van Verdediging ‘n wapenkontrak van meer as vyftig biljoen rand van stapel gestuur het waar toekenning van kontrakte in omstredeheid gehul is. Ook minister Sibusiso Benghu kry van Sparks as ‘n mislukte Minister van Onderwys kwaai die wind van voor. Verder was daar mnr. Raymond Mhlaba onder wie se leiding

die Oos-Kaap tot die armste provinsie verval het.


Treffend word die verval van Dalpark Ses ('n woonbuurt in Boksburg) uitgebeeld - die gevolg van die oprigting van 'n plakkersbuurt, Tamboville, langsaan. Eens 'n woonbuurt vir die blanke middestand. Tans 'n vervalle woonbuurt waaruit byna alle oorspronklike blanke bewoners weggetrek het – 'n slagoffer van integrasie revolusie. 'n Ander revolusie het plaasgevind by die SAUK. As persman het Sparks kennis gedra hoe die uitsaaier omvorm is van "his master's voice" van die destydse regering tot 'n onafhanklike uitsaaier wat dit vandag voorgee om te wees. Dis boeiend om te lees van die binnegevegte oor top posisies in die organisasie. Vanaf mnr. Piet Meyer en Christo Viljoen in die ou bedeling via Van Zyl Slabbert, Zwelakhe Sisulu en Matsepe-Cassaburi tot by Hawu Mbatha en prof. Vincent Maphai.

Uit die aard van die saak kry die verrigtinge van die Waarheid en Versoening Kommissie (WVK) ruim aandag en word van die misdade van die ou regering tot in besonderhede beskryf. Net jammer dat dit nie in dieselfde mate gedoen is nie met betrekking tot wandade tydens die ANC se bevrydingstryd teen sagte teikens, asook die wat in die ANC se kampe in ons buurstade plaasgevind het nie.

Suid-Afrikaanse diplomate het dit die WHAM vraag genoem. "What Happens After Mandela". Ons weet intussen: Mbeki het Mandela opgevolg. 'n Knap politikus wat strategies kan dink en wie se bestuurstyl totaal van die van mnr. Mandela verskil. Waar mnr. Mandela se styl deursigtig en kollegiaal was, aldus Allister Sparks, is Mbeki se styl minder sigbaar en gesentraliseer.

Mandela was 'n Robbeneiland gevangene wat die kalklig nie vermy het nie, terwyl Mbeki 'n uitgewekene was wat sy akademiese opleiding in Engeland ontvang het en liefs op die agtergrond opereer.

Op 'n manier is mnr. Mbeki raaiselagtig. Sy siening aangaande MIV/VIGS is tot vandag toe verstommend. Ook Allister Sparks, wat mnr. Mbeki redelik goed ken, het hiervoor



geen verklaarbare rede nie. Die standpunt van die regering is eenvoudig irrasioneel. Toe in Julie 2000 tydens 'n VIGS konferensie in Durban 5 000 mediese dokters 'n verklaring uitgereik het dat HIV die direkte oorsaak van VIGS was, het ons minister van gesondheid dit afgemaak as 'n elitêre dokument. Sy kon dit nie gedoen het sonder medewete van mnr. Mbeki nie. Uitsprake van mnr. Mbeki se woordvoerder, Parks Mankahlana, is bisar waar hy o.a. beweer dat "aandeelhouders van Glaxo Wellcome (vervaardigers van AZT) verheug sal wees om te verneem dat die SA regering besluit het om AZT aan

verwagte moeders wat HIV positief is te voorsien. Hul vreugde het niks te doen met bekommernis om pasiënte se gesondheid nie, maar het alles te make met winste en die prys van aandele" (*my vertaling – AR*). Die berugte Peter Mokaba het soortgelyke uitlatings gemaak. Die ironie is dat albei kort daarna aan VIGS oorlede is.

Ook mnr. Mbeki se houding teenoor die gebeure in Zimbabwe, is onverstaanbaar. In 'n onderhoud wat Allister Sparks met mnr. Mbeki gevoer het word tog duidelik dat (onbewus) 'n sekere rasse vooroordeel 'n rol kan speel. Soos mnr. Mbeki, blykens die onderhoud, dit sien is die blanke wêreldbevolking onverskillig ten opsigte van die lyding en selfs die dood van miljoene swartes in Afrika maar raak geagiteerd as dit oor Zimbabwe gaan. Hoekom? Omdat 'n paar wittes hul plase kwyt raak, in die proses seerkry of selfs hul lewe kan verloor.

Blankes oor die hele wêreld bly stil as dit oor Angola, Eritrea, Mosambiek of Rwanda gaan, waar derduisende mense hul lewe verloor het, maar is vol kritiek wanneer Zimbabwe ter sprake kom. Miskien is Sparks reg maar dan voorspel dit nie veel goeds nie.

Daar word baie meer in die boek aangeroer en bespreek, dit belig ook die ander sy van die min of meer resente gebeure in Suid-Afrika. Ondanks die dikwels onbillike verwyte aan die apartheidsregering kan ek die boek aanbeveel. Dis leersaam en insiggewend.

Uitgee deur Jonathan Ball en verkrygbaar in u boekhandel teen ± R180 of 50 sent per bladsy. α

OEFENING IN DIE GODSVRUG

Ds. J van der Linden

LEER EN LEWE

DIE OORDENKING VAN GOD SE WOORD

Hoe baie is ons besig met die oordenking van God se Woord? Ons luister na preke, doen Bybelstudie, lees die Woord by verskeie geleenthede, maar hoe dikwels is ons besig om werklik die Woord te oordink? Die (Geesvervulde!) digter van Psalm 119 noem hierdie saak so dikwels, vir hom is dit duidelik 'n onmisbare deel van ons omgang met God se Woord. By hom staan die Woord sentraal in sy daaglikse lewe.

Ons ervaar dit dikwels anders. Vir ons gevoel staan die Woord van God baie keer buite ons daaglikse lewe. Dit lyk asof die Bybel dikwels niks sê oor die vrae, probleme en keuses waarmee ons daaglik te doen kry nie. Die gevaar kan ook bestaan dat ons dan gaan leef vanuit die gedagte dat daar 'n kloof tussen die Woord en my konkrete daaglikse lewe is.

Ongelukkig is dit die realiteit waarmee ons dikwels gekonfronteer word. Deurdat ons nie daartoe kom om God se Woord te oordink nie, ontstaan daar 'n enorme blokkasie in ons omgang met die Here. Die lewe voor God se aangesig word dan baie ingeperk. Daarom ag ons dit belangrik om aan hierdie saak aandag te skenk.

DEURWERKING

Die Skrif is die weg waardeur die Here met ons wil praat. Dit is belangrik dat ons in die oordenking van God se Woord aan hierdie sentrale feit vashou: God spreek. God soek gesprek. God wil met ons gemeenskap hê.

Wie die Skrif oopslaan as 'n dooie boek, as sinne met 'n boodskap, mis God se bedoeling. Die doel van ons omgang met die Skrif is nie om slegs 'n "boodskap" uit die gedeelte te kry nie, maar dat ons God daarin hoor spreek. Met my. Tot in die diepste en kleinste aspekte van my lewe. Die doel en fokus is dus nie in die eerste plek die omgang met die Woord nie, maar die omgang met God.

Daarom kan ons ons gebed nie maar net beperk tot voor of na ons omgang met God se Woord nie. Ek moet al biddende besig wees. "Here, maak my hart oop". "Here, leer my U en u weg ken". "Here, hoekom sê U dit so?". "Here, maar hoe moet ek hierdie saak dan sien?" "Dankie Here, U bring my hart tot rus".

Die bedoeling is juis dat ek deur gebed my lewe steeds meer voor God se aangesig bring. Dat ek al my vrae, moeites en probleme aan Hom bekend maak. En dan weer na sy Woord gaan en luister hoe Hy deur sy Gees my lei om hierin sy weg te sien.

Luister en bid. Bid en luister. Oor en oor en oor. Dit is deur so 'n lewende en intensiewe gemeenskap met God dat die Gees ons ook help om sy weg vir ons daaglikse lewe te verstaan. Daar kom 'n *leiding van die Gees* tot in die kleinste dinge van my lewe. Maar egter wel 'n *leiding van die Gees deur die oordenking van die Woord*.

Ons sou kon praat van 'n *deurwerking* van God se Woord in my lewe. Dit is soos wanneer 'n mens

voedsel inneem. Eers is dit nog groter dele, maar soos wat dit fyngemaal word (die oordenking!), werk dit deur na die kleinste dele van die liggaam.

DIE GEES SE LEIDING IS TOETSBAAR

In die oordenking bly dit belangrik dat ons met die *Woord* besig bly. Wanneer die Gees my lei om God se wil in konkrete situasies te vind, is hierdie leiding ook toetsbaar. Die Gees gee my nie 'n *nuwe* boodskap, los van die spesifieke Skrifgedeelte waarmee ek besig is nie. So werk die Gees nie! Hy weerspreek nie dit wat Hyself in die Woord gesê het nie. Hy kom werk egter dieselfde boodskap dieper en konkreter uit in my lewe. Dit is asof Hy my ore en oë steeds meer oopmaak: ek hoor en sien steeds meer God se weg en God se hand in my lewe.

Laat ons byvoorbeeld kyk na wat Paulus, onder leiding van die Gees, doen in 1 Kor. 9:9. Hy neem die woorde van Deut. 25:4 ("Jy mag 'n dorstende os nie muilband nie") en bring hierdie *beginnel* oor na die huidige situasie van die gemeente: julle moet julle voorgangers onderhou.

'n Mens sou hierdie woorde uit 1 Kor. 9:9 'n deurwerking van die Gees in 'n nuwe situasie kon noem. Die Gees het sy eie bedoeling gaan toepas in 'n konkrete situasie van die gemeente. En tegelyk: die toepassing is hier baie duidelik toetsbaar aan Deut. 25:4.

TE MOEILIK?

Ek kan my goed indink dat baie mense voel dat dit te moeilik is. Een van die grootste moeites in hierdie verband is juis dat dit baie keer so swaar is om presies te verstaan wat die Skrifgedeelte bedoel.

Ek is baie sterk daarvan oortuig dat ons by ons oordenking moet begin by dit wat die Here self sentraal in ons omgang met Hom geplaas het, naamlik die erediens en die prediking. As die Here Self dit die kern van ons lewe met Hom maak, sal ons dan nie by hierdie kern begin nie? As die Here Self by uitstek hierdie geleentheid kies om tot sy volk te spreek, sal dit dan nie vanselfsprekend wees dat ons juis hierdie woorde baie intensief moet oordink nie?

Miskien dat ons onself weer moet afvra: het die *prediking* nog die sentrale plek in my omgang met die Here (soos wat dit God se bedoeling is)?

Wie in sy oordenking van God se Woord by die prediking begin, het tegelyk die probleem om die Skrifgedeelte te verstaan in 'n groot mate opgelos. Want die prediking het onder andere die doel om 'n spesifieke Skrifgedeelte se bedoeling duidelik te maak. Hierdie werk word dus in 'n groot mate vir ons gedoen.

Verder wil die Gees deur die prediking ook alreeds in ons lewens kom staan met God se Woord. Ook al is dit dan meer algemeen (dikwels gerig op die gemeente in sy geheel), begin die Gees reeds in die prediking met die deurwerking van die Woord in ons lewens. In ons persoonlike oordenking kan ons dus hierby aansluit en op hierdie spoor verder gaan.

Wie in die oordenking werklik soek na die volle rykdom van God se spreke, wie in die oordenking ook met sy hele lewe worstel voor die aangesig van God, hy sal vind dat twee preke sy week baie vol kan maak!

PRAKTIESE RIGLYNE

Saam met 'n mens se persoonlike oordenking van God se Woord, sou 'n mens ook nog van ander geleenthede gebruik kon maak. 'n Gesprek oor die preek, 'n Bybelstudieaand of 'n gesprek aan tafel kan baie waardevol wees as begin (of deel) van 'n mens se oordenking.

Dit bly belangrik dat die oordenking nie 'n "aparte afdeling" van my lewe word nie. Om God se wil te gehoorsaam in 'n spesifieke situasie kan byvoorbeeld beteken dat ek verplig word om God se Woord in my werksituasie te



oordink. Die oordenking van God se Woord gaan juis oor die konkrete situasies en keuses in ons lewe. Laat ons dan ook in hierdie situasies self daarmee besig wees.

Tog is dit ook goed dat daar spesifiek tyd afgestaan word aan die oordenking van God se Woord. Dit skep geleentheid om die Skrifgedeelte 'n paar keer goed deur te lees, om notas van 'n preek weer deur te gaan ensovoorts.

Dit is vanselfsprekend dat daar 'n rustige en privaat geleentheid geskep moet word vir so 'n persoonlike oordenking. Want die bedoeling is dat daar intieme gemeenskap met God sal plaasvind! Daarvoor moet ons werklik tot ruste kom. Ook al gaan dit in hierdie oordenking oor my hele lewe met die Here (geen kloosterbestaan nie!), moet ek tog by hierdie geleentheid nie deur alles rondom my in beslag geneem word nie. Want nou moet moontlik word: intens luister, openhartig bid.

Wanneer ek God se Woord diepgaande wil oordink vir my lewe, dan is dit beter dat ek vir 'n tydperk herhalend met een Skrifgedeelte besig is, as wat ek elke keer net weer 'n nuwe gedeelte lees. Minder is in hierdie geval meer! Daar moet tyd geneem word om 'n spesifieke saak onuitwisbaar in my hart te brand. Ek moet inoefen sodat ek kan uitleef!

Daar kan ook nota's gemaak word tydens die oordenking. Dit kan help as jy die volgende dag byvoorbeeld verder sou wou gaan met dieselfde oordenking, dit is nodig vir my gebed, nuttig vir die gebruik in 'n openbare Bybelstudie, asook om

gewoon later (vir herhaling) weer daarop terug te kom.

Hierdie weg van oordenking is verseker 'n weg van inspanning. Maar dit is die weg wat die Here wys: deur die inspanning groei die gemeenskap met Hom. Die inspanning self is gemeenskap met Hom!

Oefening in die Godsvrug: dit is 'n groot opdrag (oefening!), maar met 'n onmeetbare seën (Godsvrug)! ✠

INTERESSANTE BIOGRAFIE OOR VERGETE IMMIGRANT

Dr. AJ de Visser

BOEKBESPREKING

Dr Jan W Meijer het opnuut 'n interessante biografie geskryf oor 'n persoon wat in die Kruger-tydperk en die eerste dekades van die 20ste eeu geleef het. Nadat die biografie oor die Boere-generaal Ben Viljoen enkele jare gelede verskyn het, kan ons nou kennis neem van 'n nuwe biografie uit sy hand: oor dr. Hendrik Reinink.

Dr Reinink is 'n deesdae vergete figuur, selfs in sy eie tyd was hy nie iemand wat baie opvallend was nie. Nóg tans het hy 'n betekenisvolle rol gespeel in die Transvaalse samelewing van omtrent 'n honderd jaar gelede.

Reinink is in 1864 in Nederland gebore. Hy het klassieke tale gestudeer en hy was vir 'n kort rukkie dosent Latyn en Grieks aan die Teologiese Skool in Kampen. In 1893 is hy gewerf om na Transvaal te kom om rektor van die 'Staatsgymnasium' in Pretoria te word. As gevolg van die Anglo-Boere-oorlog (ABO) is hierdie skool gesluit en was Reinink sonder werk, maar tog het hulle besluit om nie na Nederland terug te keer nie. Nadat omstandighede na die oorlog genormaliseer het, is Reinink benoem tot professor aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) in Pretoria. Aan hierdie instituut het hy tot sy aftrede in 1930 gewerk. In 1939 is hy oorlede. By sy begrafnis is hy geroem as iemand wat hoë standaarde in onderwys nagestreef het en wat so 'n belangrike rol in die opbou van tersiêre onderwys in Transvaal gespeel het.

Daar is verskeie aspekte wat lesing van dr. Meijer se biografie oor dr Reinink 'n boeiende leeservaring maak.

In die eerste plek kry 'n mens insig in die Transvaalse samelewing van omtrent 'n eeu gelede. 'n Mens hoor so dikwels verhale rondom die ABO, dat dit maklik vergeet kan word dat daar in Preto-



ria ook gewoon 'geleef' is, dat mense hul persoonlike ambisies nagejaag het, hul persoonlike frustrasies gehad het, en dat daar gepoog is om lewensstandaarde te verbeter en goeie kwaliteit onderwys (ook op sekondêre en tersiêre vlak) na te streef.

In die tweede plek is Reinink se lewensloop, alhoewel dit honderd jaar gelede afgespeel het, baie herkenbaar vir gereformeerdes wat vanuit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het. Die gereformeerde agtergrond in die 19de eeuse Nederland, die opwinding van die deel word van die nuwe vaderland

aan die suidpunt van Afrika, die teleurstellings wat dit ook meebring, en die uiteindelijke tevredenheid dat 'n mens 'n bydrae gelewer het – dit alles is baie herkenbaar vir enigiemand wat dieselfde paadjie 'n eeu later geloop het.

In die derde plek is dit interessant om te lees van die vraag oor 'teruggaan of bly' waarmee die Reininks dikwels geworstel het. Baie Nederlanders het in die tyd rondom die ABO besluit om na Nederland terug te gaan, maar die Reininks het gebly. Waarom? Dr Meijer verklaar dit uit die roepingsbesef wat Reinink gehad het, nl. om die gawes wat God hom gegee het te gebruik op die plek waar hy gestel is. 'n Aanhaling: "Wat het Reinink as sy roeping gesien? Dit waarvoor hy die beste toegerus was: onderwys gee en meer spesifiek die Griekse taal, geskiedenis en kultuur doseer. Hy het alreeds in Nederland besef dat hy in hierdie rigting sy lewenswerk en werksvreugde sou vind. Die keuse om hierdie werk in die ZAR te doen, is op praktiese grond geneem. Eenmaal daar, het die onderwys van die jeug van die land van sy keuse sy verantwoordelikheid geword wat hy nie ligtelik mag afwys nie. Solank as wat Reinink moontlikhede gesien het om sy roeping in die Transvaal op te volg, het hy dit ook as sy plig aanvaar. Dit was nie vir hom moeilik nie, want hy was lief vir die land, het in die toekoms daarvan geglo en die klimaat waardeur. Bowenal het Reinink besef dat daar 'n missie in die lewe is." (p. 90)

Die vierde en laaste aspek wat die boek waardevol maak (soos wat



Die 'Staatsgymnasium'

by goeie biografieë die geval is), is dat dit help om te evalueer en perspektief te kry. Wat is dit wat 'n mens se lewe en werk die moeite werd maak? Dr Reinink is 'n tipiese verteenwoordiger van 'n soort immigrant in Suid-Afrika waarvan daar reeds baie was en nog steeds baie is: Gelowige mense, harde werkers, mense met integriteit,

met 'n roepingsbesef "vir Afrika", gewortel in 'n gereformeerde lewensuitkyk. Mense wat stil-stil 'n belangrike bydrae lewer aan die opbou van die samelewing en die kerk. 'n Honderd jaar later is die meeste van hulle vergete, behalwe as iemand besluit om 'n biografie oor jou te skryf. Maar as die balans opgemaak word – en vanuit

'n Christelike oortuiging glo ons dat die balans Bo opgemaak word – was dit waardevol.

Die biografie oor dr. Reinink is deur die skrywer self uitgegee. Die navorsing daarvoor is gedoen in Suid-Afrika en Nederland. 'n Opvallende kenmerk van die boek is die uitstekende kwaliteit van die illustrasies. Ons wens die boek 'n wye leserspubliek toe, en hopelik 'n tweede druk. Dit is beslis waarde vir geld.

N.a.v.: Dr Jan W Meijer: Dr. Hendrik Reinink (1864-1939). 'n Man met 'n Missie. 98 bls. Prys R57,50, plus verpakking en versendkoste.

Verkrygbaar by:

- Louise Ros
31ste Laan 818, Villieria, 0186,
tel. (012) 332 0127
- Elsbeth van der Linden
Posbus 1265, Brackenfell, 7561,
tel. (021) 919 7832. α




FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927



CD 19025: EENS ALS DE BAZUINEN KLINKEN – André Heuvelman: trompet en Martin Mans: orgel. Psalms en gesange. R115

CD 1403352: Spirit of the pipes deel 2 – Noortje van Middelkoop en Liselotte Rokyta: panfluit en Martin Mans; orgel. R115

CD 19125: VERBLIJDT U, WANT HIJ IS ZEER GENADIG – Chr Gemengd Koor 'Sursum Corda' uit Zeist en het Chr Gemengd Koor 'De Lofstem' uit Geldermalsen olv Wim van Galen, met Marjo van Someren: sopraan; Het Arp[eggio Trio en Klaas Jan Mulder – orgel. Psalms en gesange. R115

CD 19455: HEM VERHOGEN IN MIJN LIED ... - Chr Mannenkoor CON FORZA olv Martin Mans. Noortje van Middelkoop: panfluit – Anke Anderson – harp en Wim de Penning – orgel. Psalms en gesange. R115

Drie biografieë uit die hand van dr J C Kannemeyer: Interessante leesstof!

- 1) LANGENHOVEN – 'n Lewe (R149,95 – 728 bl)
- 2) D J OPPERMAN – 'n biografie (tweedehands – R85 – 520 bl)
- 3) LEIPOLDT – 'n Lewensverhaal (R199,95, 741 bl)

JH van WYK (red): Kerk- en Christenwees vandag (Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 2001)

'...Mag hierdie publikasie dien tot geloofsopbou asook verdere besinning oor die taak en roeping van die kerk van die Here in die Suid-Afrika waarin ons tans woon en werk. Dit is geskryf in 'n styl wat maklik toeganklik is vir alle belangstellende lesers...' Die prys vir hierdie boek van 164 bl is R55

(Maak 'n draai by Adri Buenk vir teologiese- en kinderboeke en 'n groot versameling tweedehandse en afgemerkte boeke! 14e laan 961, WBS. Tel 012 331 3750)



ISRAEL SE EERSTE VOLKSLIED

RF van den Berg

DIE BYBEL OOP

Die lied van Moses in Exodus 15 is 'n loflied wat selfs die oorwinnaars oor die dier in die hemel sing, (Openb. 15:3) maar tog nie in die boek van die Psalms opgeneem is nie. Sal ons vir hierdie merkwaardige feit 'n oorsaak kan aanwys?

VOLKSLIED

Volksliedere het gewoonlik vanuit 'n volk se geskiedenis voortgekom. Digtters het 'n gebeurtenis wat in 'n volk of staat se ontwikkeling 'n belangrike plek inneem as onderwerp vir hul gedig gekies. Meestal het daar tussen die ontstaan van die gedig en die gebeurtenis 'n kort of langer tyd verloop. Wanneer dit die volk aangespreek en 'n geskikte melodie daarby gevind is, het die lied na verloop van tyd 'n volkslied geword.

Die ontstaan en aanvaarding van Israel se eerste volkslied was egter 'n spontane antwoord op die grootse volksbevryding wat ons in Exodus 14 meegedeel word: "Israel het die magtige daad gesien wat die HERE aan die Egiptenaars verrig het. Toe het die volk die HERE gevrees en geglo in die HERE en aan Moses, sy kneg. Toe het Moses en die kinders van Israel hierdie lied tot eer van die HERE gesing." Dan volg die lied in Exodus 15:1 tot 18.

LOFLIED

Moses en die volk is deur die grootse gebeurtenis bewoë, hulle wil die redding uitjubel. Geen digter en komponis kom die volk inspireer nie. Dit is die Gees van God wat Moses en die volk onfeilbaar die woorde en musiek in die mond lê. Uit die kele van die honderdduisende manne van Israel klink die lof van die HERE oor sy wonderwerke en Mirjam en al die vroue antwoord met die refrein: "Sing tot eer van die HERE omdat

Hy hoog verhewe is. Perd en ruiters het Hy in die see geslinger." In afwyking van die meeste volksliedere word in hierdie lied nie die roemryke daad van 'n volksleier of van die volk besing nie. Hulle sing: "Die HERE is my krag en my Psalm. Hy het my tot heil geword. Hy is my God, Hom sal ek roem." Die HERE is my Psalm: daarmee erken Moses en die volk dat hulle loflied 'n lied is wat die HERE hul in die hart gegee het. Nie Moses of die volk het die uitredding bewerk nie, maar die HERE het hulle tot heil geword. God het geen skepsel nodig om sy grootheid en mag te toon nie.

VERBONDSLIED

In die 1933/1953 vertaling van die Bybel kan mooi aan die hoofletters waarmee die woord "HERE" geskryf is, gesien word dat daar in die grondtaal die naam van die God van die verbond "Jaweh" staan. In hierdie lied is geen ander naam as die verbondsnaam gebruik nie. Ook word in vers 2 na die HERE, as die God van my vader verwys. In vers dertien word in geloof van die belofte van die woning van die HERE in die beloofde land, as reeds vervul, gesing.

Wanneer die HERE sy volk 'n lied in die hart en mond lê doen Hy dit as die God van die verbond. Hy gebruik ook die taal van die verbond soos hy Homself in sy woorde en daade aan die volk van sy verbond geopenbaar het. Daarom mag hierdie lied van Moses voluit 'n lied van die verbond genoem word.

TOORNGLOED

Ook in die oordeel oor die Faraon en sy leërmag laat God sy volk van sy trou in die verbond sing: "U stuur u toorn gloed uit: dit verteer hulle soos 'n stoppel." Wie die HERE se volk aanraak, raak sy oogappel aan! Egipte het die Israeliete vir meer as honderd jaar as slawe gebruik en selfs beveel



dat die seuntjies wat vir hulle gebore word nie mag bly lewe nie. In sy hoogheid werp die HERE neer, die wat teen Hom opstaan en hulle harte verhard.

In leedvermaak oor hul vyand gaan die volk die roem van die HERE besing: "Die vyand het gesê: Ek sal agtervolg, inhaal, buit verdeel, my begeerte sal versadig word van hulle; ek sal my swaard trek, my hand sal hulle uitroei. U het met u asem geblaas; die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters. O HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke daade, een wat wonders doen?" As God die maat van sy en ons vyande vol ag en in sy toorn die vyande verteer, mag sy volk hom daarin verheug en God die eer gee.

PROFESIE

Die lied spreek nie alleen van die wonders wat God gedoen het nie, maar ook van die beloftes wat nog vervul moet word asof dit reeds daar is: "Verskrikking en vrees het op hulle (die volke wat in die vooraf verse opgesom is) geval; deur die grootheid van u arm was hulle stom soos 'n klip, terwyl u volk deurtrek, HERE, terwyl die volk deurtrek wat U verwerp het. U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o HERE, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die heiligdom wat u hande gestig het, o HERE!"

Die HERE het vir Moses gesê: "En Ek wil My verheerlik aan Faraon en sy hele leërmag, aan sy strydwaens en aan sy ruiters." Dit het die HERE gedoen, maar so dat ook al die volke in en om Kanaän daarvan hoor asof hulle self daarby was.

Veertig jaar later vertel Ragab die hoer vir die verspieders van hulle skrik vanweë die water van die Skelfsee wat die HERE vir Israel laat opdroog het. (Jos. 2:9,10) Ongeveer 400 jaar later weet die Filistyne nog van die God van Israel wat die Egiptenaars met plaë getref het. (1 Sam. 4:8) Die gestigte heiligdom is ongeveer 500 jaar later opgerig en so mag ons die lied van Moses ook 'n profetiese lied noem.

GEEN AG GEGEE

In die boek van die Psalms word baie keer na hierdie gebeurtenis verwys, maar baie min letterlike sitate uit hierdie lied verwerk. Ps.106:7 en 8 sê: "Ons vaders in Egipte het nie ag gegee op u wonders, hulle het nie gedink aan die menigte van u goedertierenhede nie, maar was wederstrewig by die see, by die Skelfsee. Maar Hy het hulle verlos om sy Naam ontwil, om sy mag bekend te maak." Die psalmis dink hier aan Ex. 14:11 en 12: "En hulle het vir Moses gesê: Het u omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipte uitgelei het? — Want dit is beter vir ons om die Egiptenaars te dien as in die woestyn te sterwe."

Die volk het God nie op sy woord geglo nie, maar deur sy mag en wonderwerke Hom gevrees. Hulle het hul nie as kinders van Abraham gedra nie. Abraham het God op sy woord geglo en dit is hom

tot geregtigheid gereken. Die volk het nie die HERE geglo wat hulle deur die bloed van die lam van die verderf gevrywaar het nie. Hulle het die heil van die verlossing van die mag van Farao gesien, maar op die verlossing van die oordeel oor hul sondes geen ag gegee nie. Daarom het die Here hul ook nie toegelaat om in hul loflied van die goeder-tierenheid van die HERE te sing nie.

VERGEET

Psalm 106 vervolg in vers 11: "En die waters het hulle teëstanders oordek: nie een van hulle het oorgebly nie. Toe het hulle aan sy woorde geglo, hulle het sy lof gesing. Maar hulle het gou sy werke vergeet, op sy raadsbesluit nie gewag nie." Toe die HERE hulle in die woestyn deur gebrek aan water en voedsel beproef, het hulle gemurmureer. Hulle geloof het nie lank genoeg gehou om die beproewing enduit te deurstaan nie. Daarom kon hulle nie in hul lied sing: "Loof die HERE, o my siel en vergeet geneen van sy weldade" nie. Want die HERE het in die loflied geen plek vir dank-baarheid gegee, omdat sy volk nie sy eie verdorwenheid ken en ootmoedig die barmhartige genade van God verlang het nie.

Die HERE het sy volk by die Sinai sy verbondswet gegee en in die seremoniële wette geleer dat daar net versoening deur voldoening kan wees. Hy het belowe: "'n Profeet uit jou broers, soos ek (Moses) is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister." (Deut. 18:15) Maar na die dood van

Josua, die seun van Nun, vertel die boek van die Rigters (Rigters 3:7): "En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE en die HERE hulle God vergeet en die Baäls en die heilige boomstamme gedien."

WELGELUKSALIG

Dit is Dawid wat die volk van God mag leer sing: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is" (Ps. 32:1) en die volk na die regte Paaslam leer verlang met die woorde: "U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie: ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. Toe het ek gesê: Kyk ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne in my ingewande." (Ps. 40:7 en 8)

Die volkome welgeluksaliges, die oorwinnaars van die dier, hulle mag die lied van Moses, die dienskneq van God, met sifers van God sing, omdat dit hulle gegee is om die geloof in Jesus te bewaar en dus ook die lied van die Lam te sing!!

Sal ons wyser as die Heilige Gees wees en die lied van Moses vir ons eredienste gaan berym? Of sal ons 'n nuwe lied in ons eredienste gaan sing wat as 'n verlange na die eindoorwinning die woorde van die lied van Moses verbind met 'n lied van die Lam wat met sy bloed sy volk van sondeskuld vrygekoop en uit alle heerskappy van die duiwel verlos het? ☩

TOG 'n JONG AARDE...

Janet Bunk

REAKSIE

Ek wil net reageer op die artikel van J Moes 'Konsekwensies van die evolusiegeloof' in die vorige Kompas. Meer spesifiek die tweede laaste paragraaf waar hy sê: 'Maar of Hy (God) dit inderdaad ook in 6x24 uur gedoen het moet ons probeer aflei uit ons

verstaan van sy Woord en sy skepping.'

Talle gelowiges sukkel om te glo dat God die skepping in 6 gewone 24 uur dae geskape het. Dit is mos nie wat wetenskaplik bewys is nie! Om die Bybel dan met die



wetenskap te versoen, word die teks 'een dag is by die Here soos duisend jaar, en duisend jaar soos een dag' (II Pet 3:8) aangehaal. Een skeppingsdag kon dus volgens hulle duisende, en desnoods miljoene jare gewees het.

Ek het 'n groot probleem hiermee. In die eerste plek dui dit daarop dat die mense wat in miljoene jare glo, God se almagtigheid bevaagteken. Volgens hulle is dit onmoontlik om die aarde en alles daarmee saam in ses dae te skep. In die tweede plek probeer hulle 'n kompromie kry tussen die Bybel en wetenskap, maar stel die wetenskap as die hoogste 'waarheid' voor. As dus in Genesis van 'en dit was aand en dit was môre', gepraat word, is dit vir hulle nie nag en dag nie, maar kan mens dit maar interpreteer soos jy wil.

Net 'n paar opmerkings: die Hebreuse woord wat vir dag gebruik word in Genesis, is die woord wat algemeen gebruik is vir 'n gewone, normale 24 uur dag. Indien God dit te kenne wou gee dat dit nie 'n gewone dag was nie, was daar ander alternatiewe wat gebruik kon word vir die woord dag. Tog is dit nie so nie. Wie is ons dan om te stry dat dit nie 'n dag was nie?

Interessant om te weet dat voor Darwin se tyd, alle wetenskaplikes in die skepping en sondvloed geglo het en ook hul bevindinge daarop gebaseer het. Juis van die wette van geologie is deur Christelike wetenskaplikes ontdek, maar deur die evolusioniste oorgeneem en verdraai om by die evolusie teorie aan te pas.

Ook interessant om te weet is dat die Islam die skepping in ses dae aanhang. Evolusie het nie 'n plek in hul geloof nie en word ook aktief bestry.

Maar waar ek eintlik by wil uitkom is die volgende: die dateringsmetodes is finaal die hok geslaan.



Dit is die belangrikste hoeksteen van die geologiese tyd skaal en ook dié metode wat die biljoene jare gee.

Belangrike werk word deur die RATE* projek gedoen. In die eerste plek het hulle die koolstof daterings metode onder die loep geneem. Die metode is nie algemeen gebruik nie, omdat die konsentrasie koolstof nie akkuraat gemeet kon word nie en dit net basies op fossiele wat in die jonger gesteentes voorkom, gebruik kon word. Moderne tegnologie is egter nou so ver gevorderd dat die verhouding tussen ^{14}C atome en ^{12}C atome akkuraat gemeet kan word (^{14}C atome – 'moeder' element, verval na ^{12}C atome – 'dogter' element). Die metode het nou 'n akkuraatheid van 0.001%, waar dit in die verlede 1% was. Maar dis hier waar die vlieg in die salf kom. Alhoewel slegs 0.001% ^{14}C atome van die oorspronklike waardes aanwesig moet wees, is daar baie meer ^{14}C atome in die fossielmateriaal. Dit impliseer dat die fossiele jonger is as die oorspronklike datering. Dit kan die evolusioniste nie verklaar nie en kom daarom met die antwoord dat die fossiele op een of ander onverklaarbare manier besmet is met ^{14}C atome.

'n Ander feit is dat indien ^{14}C atome 1.5 miljoen jaar terug begin verval het na die 'dogter' element ^{12}C atome, daar vandag geen ^{14}C atome gevind sal word nie! Wat nie die geval is nie. Dit is duidelik dat die evolusioniste se datering hier erg in die water val.

'n Ander daterings metode wat deur RATE ondersoek is, is die uranium-lood daterings metode. Dit word op die ouer rotse gebruik. Die uranium en lood konsentrasies word in 'n mineraal sirkoon gemeet, wat vorm tydens die afkoeling van vulkaniese gesteentes. Uranium (^{238}U) verval na lood (^{206}Pb) en skei agt helium atome af tydens die proses. In die normale daterings metode word net die konsentrasies van ^{238}U en ^{206}Pb gemeet en die ouderdom word m.b.v. 'n formule bereken. RATE het egter gegaan en die helium konsentrasies in die minerale ook gemeet asook die spoed van diffusie (d.w.s. hoe vinnig die helium deur die mineraal sal beweeg). Helium se diffusie spoed is groot, en sal dus oor miljoene jare uit die mineraal beweeg. Dis egter nie die geval nie. Groot konsentrasies helium is nog in die sirkoon kristalle aanwesig, wat impliseer dat die rots dus nie so oud is as wat gedink is nie. Die ouderdom van die rots, bereken volgens die helium konsentrasie, is net 6 000 jaar oud.

Deur hierdie studies is die geologiese tydskaal onder 'n groot vraagteken geplaas. Alhoewel die navorsing nog in die begin stadium is, is die bewyse daar vir 'n jong aarde. Dit impliseer dus skeppingsdae van 24 uur. Dit is nou vir ons as gelowiges om saam te staan en die wetenskaplike bevindinge vanuit die Bybel te fondeer en daarop voort te bou.

*RATE is 'n gesamentlike projek van die Institute for Creation Research en die Creation Research Society.

Bronne:

J. Baumgardner (2003) 'Carbon Dating Undercuts Evolution's Long Ages', *Impact no. 364, October 2003*.
D. Russell Humphreys, (2003) 'New RATE Data Support a Young World', *Impact no. 366, December 2003*. □